Province of the
EASTERN CAPE
EDUCATION

Iphondo leMpuma Kapa: Isebe leMfundo
Provinsie van die Oos Kaap: Department van Onderwys
Porafensie Ya Kapa Botjahabela: Lefapha la Thuto

# NASIONALE SENIORSERTIFIKAAT

# GRAAD 12

# SEPTEMBER 2024

# TOERISME

**PUNTE:** 200

**TYD:** 3 uur

More Recourses

Testpapers.co.za Exam Papers / Study Guides / Summaries / Tutoring

TestpapersPro.co.za Study Notes / Quizzes / Flashcards / Exam Questions

## INSTRUKSIES EN INLIGTING

Lees die instruksies aandagtig deur voordat jy die vrae beantwoord.

1. Hierdie vraestel bestaan uit VYF afdelings.
2. Beantwoord AL die vrae.
3. Begin ELKE VRAAG op 'n NUWE bladsy.
4. Jy mag 'n nieprogrammeerbare sakrekenaar gebruik.
5. In VRAAG 3.1.2 en 3.1.3 rond jou antwoord tot TWEE desimale plekke af.
6. Toon ALLE berekeninge waar nodig.
7. Gebruik die puntetoekenning van elke vraag as 'n riglyn vir die lengte van jou antwoord.
8. Skryf netjies en leesbaar.
9. Die volgende tabel is 'n gids om jou te help om jou tyd volgens elke afdeling toe te ken.

| AFDELING | VRAAG | ONDERWERP | PUNTE | TYD (minute) |
|---|---|---|---|---|
| A | 1 | Kortvrae | 40 | 20 |
| B | 2 | Kaartwerk en Toerbeplanning | 50 | 50 |
| | 3 | Buitelandse Valutaverhandeling | | |
| C | 4 | Toerisme Besienswaardighede | 50 | 50 |
| | 5 | Kultuur- en Erfenis Toerisme | | |
| | 6 | Bemarking | | |
| D | 7 | Toerisme Sektore | 30 | 30 |
| | 8 | Volhoubare en Verantwoordelike Toerisme | | |
| E | 9 | Plaaslike, streeks- en Internasionale Toerisme | 30 | 30 |
| | 10 | Kommunikasie en Kliëntediens | | |

Kopiereg voorbehou 

Hosted by www.ecexams.co.za.

## AFDELING A: KORTVRAE

### VRAAG 1

1.1 Verskeie opsies word as moontlike antwoorde vir die volgende vrae gegee. Kies die antwoord en skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommers (1.1.1 tot 1.1.20) in die ANTWOORDEBOEK neer, byvoorbeeld 1.1.21 A.

1.1.1 Die toename en afname in die waarde van ŉ geldeenheid word na as ... verwys.

A die vermenigvuldigereffek
B skommeling
C buitelandse valuta
D bruto binnelandse produk

1.1.2 Die potensiële negatiewe impak van ŉ toename in besoekers aan die gasheerbestemming tydens wêreldgebeurtenisse:

A Afname in geraasbesoedeling en verkeersopeenhoping.
B Vermindering van rommel en besoedeling in die gebied.
C Teenkanting teen toekomstige gebeurtenisse van inwoners.
D Verbetering in die algehele ervaring vir toeriste.

1.1.3 As die rand sterk is in verhouding tot groot wêreldgeldeenhede, sal die uitwerking op internasionale toerisme wees:

A ŉ Afname in internasionale reisigers na Suid-Afrika
B ŉ Afname in binnelandse toerisme in Suid-Afrika
C Geen uitwerking
D ŉ Toename in internasionale reisigers na Suid-Afrika

1.1.4 ŉ Voorbeeld van ŉ jaarlikse wêreldwye sportgebeurtenis:

A FIFA Wêreldbeker
B Tour de France
C Olimpiese Spele
D G7-beraad

1.1.5 Wanneer ŉ Suid-Afrikaner wat beplan om die VSA te besoek na ŉ buitelandse valutahandelaar gaan om sy rand vir VS dollars te ruil, sal die bank die transaksie doen deur van die ... gebruik te maak.

A bankaankoopkoers
B wisselkoers van die dag
C bankverkoopkoers
D vermenigvuldigereffek

Kopiereg voorbehou 

Hosted by www.ecexams.co.za.

1.1.6 Hierdie voorbeeld van ŉ politieke situasie sal ŉ beduidende impak op internasionale toerisme, en die ekonomie van die geaffekteerde land het:

A Tsoenami
B Resessie
C Aardbewing
D Burgeroorlog

1.1.7 Vuurwerke en vervalste goedere word deur Suid-Afrikaanse doeane as … beskou.

A verbied
B belastingvry
C goedere om te verklaar
D onwettig

1.1.8 ŉ Strategie wat die bestuur kan volg om herhaalde besoeke aan ŉ toeriste-aantreklikheid aan te moedig:

A Vermindering van diensgehalte
B Bied beperkte waarde vir geld aktiwiteite aan
C Modernisering van fasiliteite
D Vermy afslag vir herhaalde besoekers

1.1.9 ŉ Voordeel in ŉ land wat Dagligbesparingstyd beoefen.

A Werknemers sal betyds vir werk wees.
B Dit word vroeër in die aande donkerder.
C Winkels hoef nie vir lang ure oop te wees nie sodat, personeel meer tyd af kan hê.
D Daar is meer ure van sonlig wat mense die geleentheid bied om meer tyd in die buitelug deur te bring.

1.1.10 Die interpretasie van statistieke rakende internasionale inkomende toerisme ...

A help reisigers om op hul voorkeurbestemmings te besluit.
B verseker dat hotelle hoë diensstandaarde handhaaf.
C laat besighede toe om toeristevoorkeure te verstaan en hul aanbiedinge daarvolgens aan te pas.
D reguleer visumvereistes vir internasionale reisigers.

1.1.11 Die tyd in Buenos Aires, Argentinië (-3), wanneer dit 12:00 in Kaapstad, Suid-Afrika (+2) is.

A 04:00
B 23:00
C 07:00
D 19:00



Hosted by www.ecexams.co.za.

1.1.12 Die deelnemende toerismebesighede wat die Toerismeheffing in Suid-Afrika betaal:

A Slegs hotelle
B Slegs lugrederye
C Toeroperateurs, motorverhuringsmaatskappye en instellings wat verblyf bied
D Slegs restaurante

1.1.13 ŉ Toerbeplanner wat ŉ reisplan saamstel vir ŉ welgestelde egpaar wat in die natuur belangstel, sal die volgende akkommodasie oorweeg.

A Rugsakreisigers herberg (Engels: lodge)
B Luukse tentkamp
C Selfsorg chalets
D 3-ster hotel in die middestad

1.1.14 Die Getaway-skou …

A teiken internasionale toeriste.
B word in Durban gehou.
C fokus op avontuurreise.
D is oop vir die publiek.

1.1.15 Dokumente wat ŉ reisiger moet toon wanneer hy/sy sy/haar Suid-Afrikaanse rand vir die plaaslike geldeenheid wat by die bestemming waarheen hy/sy reis gebruik word, ruil.

A Suid-Afrikaanse identiteitsdokument en visum
B Vliegkaartjies en IBP
C Reisplan en gesondheidsertifikaat
D Geldige paspoort en bewys van reis

1.1.16 Die Khomani-kulturelelandskap deel ŉ grens met ...

A Mosambiek en Zimbabwe.
B Botswana en Namibië.
C Lesotho en Swaziland.
D Zambië en Malawi.

1.1.17 ŉ Uitstappie of aktiwiteit wat nie by die oorspronklike reisplan van ŉ reisiger ingesluit is nie.

A Toegevoegde aktiwiteit
B Opsionele ekstra
C Enkelaanvulling
D Inklusiewe toer



Hosted by www.ecexams.co.za.

1.1.18 Daar word dikwels na die Barberton Makhonjwa-berge verwys as die "Genesis van die Lewe", vanweë die ...

A teenwoordigheid van antieke rotsformasies.
B ontdekking van die oudste gefossiliseerde bakterieë op die planeet.
C ryke diversiteit van plantspesies wat in die streek voorkom.
D skouspelagtige natuurskoon rondom die gebied.

1.1.19 Identifiseer die item wat NIE ŉ voorbeeld van goeie omgewingspraktyke is NIE.

A Respekteer die plaaslike kultuur en erfenis.
B Verminder afval, rommel en besoedeling.
C Bestuur omgewingsimpakte.
D Beplanning van omgewingsvriendelike bouprojekte.

1.1.20 Toerisme-besigheidseienaars gebruik kliënteterugvoermiddels om die … van hul maatskappy te evalueer.

A winsgewendheid
B kliënte-tevredenheid
C markaandeel
D emosionele toestand van die personeel (20 x 1) (20)

1.2 Gee EEN woord/term vir ELK van die volgende beskrywings deur ŉ woord/term uit die lys hieronder te kies. Skryf slegs die woord/term langs die vraagnommers (1.2.1 tot 1.2.5) in die ANTWOORDEBOEK neer. Jy mag elkeen van die gegewe woorde/terme slegs EEN keer gebruik.

| |
|---|
| Dienskontrak; Visum; Geelkoors; Gedragskode; Malaria; Gesondheidsertifikaat; MIV; Tuberkulose |

1.2.1 ŉ Verpligte inenting wanneer daar na ŉ streek gereis word waar hierdie siekte voorkom

1.2.2 Werksure en verlofvoordele sal in hierdie dokument ingesluit word

1.2.3 Die dra van langmoue en langbroeke en die aansmeer van insekweerder is maatreëls wat ŉ reisiger kan help om nie deur hierdie reisverwante siekte besmet te word nie

1.2.4 Hierdie dokument gee leiding oor die gedrag wat van werknemers verwag word terwyl hulle by die werk is

1.2.5 ŉ Dokument wat bewys dat die draer die nodige inentings gehad het wat nodig is om ŉ land binne te gaan

(5 x 1) (5)



Hosted by www.ecexams.co.za.

1.3 Kies die korrekte woord(e) uit dié wat tussen hakies gegee word. Skryf slegs die woord(e) langs die vraagnommers (1.3.1 tot 1.3.5) in die ANTWOORDEBOEK neer.

1.3.1 (Voorafgelaaide buitelandsevaluta-debietkaarte/Kredietkaarte) laat reisigers toe om skommelings in wisselkoerse te vermy.

1.3.2 (Mastercard/SWIFT) behels die stuur van betalingsopdragte tussen banke deur kodes te gebruik.

1.3.3 (Kontant/Reisbeursies (Engels: Travel wallets)) kan by valuta-verhandelingsdienste of OTM's verkry word wanneer jy internasionaal reis.

1.3.4 ŉ Bank kan nie die betaling omkeer wanneer die verkeerde rekeningnommer ingevoer is wanneer ŉ (kontantpaspoort (Engels: cash passport)/ EFO) gebruik is.

1.3.5 ŉ (Bankwissel/telegrafiese oorplasing)-metode van betaling behels ŉ dokument wat deur ŉ bank uitgereik is, wat ŉ bedrag geld verteenwoordig. (5 x 1) (5)

1.4 Kies ŉ woord(e)/afkorting(e) uit KOLOM B wat by die beskrywing in KOLOM A pas. Skryf slegs die letter (A–G) langs die vraagnommers (1.4.1 tot 1.4.5) in die ANTWOORDEBOEK neer, byvoorbeeld 1.4.6 H.


| KOLOM A | | KOLOM B | |
|---|---|---|---|
| 1.4.1 | ŉ Toerismebestemming wat plaaslike verkryging beoefen | A | Beginsel van Billike Handel Toerisme |
| 1.4.2 | Toeriste wat hul gebruik van natuurlike hulpbronne soos water en elektrisiteit beperk wanneer hulle met vakansie is | B | Sal omgewingsbewuste toeriste lok |
| 1.4.3 | Toerisme besigheidspraktyke moet deursigtig wees wat beteken dat alle belanghebbendes toegang moet hê tot die inligting wat vir hulle relevant is | C | Verantwoordelike toeristegedrag |
| 1.4.4 | ŉ Regeringsbeleid wat strategieë insluit om vorige wanbalanse in Suid-Afrika reg te stel | D | Ekonomiese pilaar van volhoubaarheid |
| 1.4.5 | ŉ Toeroperateur wat in etiese wildlewe reise spesialiseer | E | IBP |
| | | F | KMB |
| | | G | BBSEB |

(5 x 1) (5)



Hosted by www.ecexams.co.za.

1.5 Bestudeer die wêreldkaart en die prente van wêreldikone en beantwoord die daaropvolgende vraag.




Pas die prentjie van die wêreldikoon by sy korrekte ligging op die kaart. Skryf slegs die letter van die ligging langs die vraagnommers (1.5.1 tot 1.5.5) in die ANTWOORDEBOEK neer, byvoorbeeld 1.5.6 H.

1.5.1



1.5.4




1.5.2



1.5.5



1.5.3



(5 x 1) (5)

**TOTAAL AFDELING A: 40**




Hosted by www.ecexams.co.za.

## AFDELING B: KAARTWERK EN TOERBEPLANNING; BUITELANDSE VALUTAVERHANDELING

## VRAAG 2

Gebruik die wêreldtydsonekaart en die reisplanne hieronder om die volgende vrae te beantwoord.




Kopiereg voorbehou 

Hosted by www.ecexams.co.za.

2.1 Die 2024 Parys Olimpiese Spele, wat tussen 26 Julie 2024 en 11 Augustus 2024 plaasvind, beloof om ŉ skouspelagtige wêreldgebeurtenis te wees met atlete van meer as 200 lande wat aan meer as 400 sportgeleenthede deelneem.

In die maand Julie 2024 sal deelnemers, toeskouers, amptenare en lede van die pers na Parys, Frankryk vir hierdie merkwaardige gebeurtenis vlieg.

| **Reisplan vir die Suid-Afrikaanse kontingent (groep) wat na Parys, Frankryk reis** |
|---|
| • Die kontingent sal op 1 Julie 2024 om 18:50 vanaf OR Tambo Internasionale Lughawe, Johannesburg, Suid-Afrika op Air France-vlugnommer AF 995 vertrek.<br>• Vlugnommer AF 995 is ŉ direkte vlug na Charles de Gaulle Internasionale Lughawe in Parys, Frankryk met 10 uur 55 minute vliegtyd.<br>• Let daarop dat Parys, Frankryk, Dagligbesparingstyd ten tye van die Parys Olimpiese Spele sal beoefen. |

| **Reisplan vir die Sjinese kontingent (groep) wat na Parys, Frankryk reis** |
|---|
| • Die Sjinese kontingent sal op 1 Julie om 07:25 by die Charles de Gaulle Internasionale Lughawe in Parys, Frankryk op Air China-vlug CA 875 aankom.<br>• Vlugnommer CA 875 is ŉ direkte vlug vanaf Capital Internasionale Lughawe, Beijing, Sjina met ŉ vliegtyd van 11 uur 15 minute.<br>• Let daarop dat Parys, Frankryk Dagligbesparingstyd ten tye van die Parys Olimpiese Spele sal beoefen, maar Beijing, Sjina sal NIE Dagligbesparingstyd beoefen NIE. |

| **Reisplan vir die Verenigde State van Amerika kontingent (groep) wat na Parys, Frankryk reis** |
|---|
| • Die kontingent van die VSA sal op 1 Julie om 17:35 ŉ direkte British Airways-vlug, BA 1534 vanaf JFK Internasionale Lughawe, New York, VSA neem.<br>• Vlug BA 1534 is 7 uur 20 minute lank en sal by Charles de Gaulle Internasionale Lughawe in Parys, Frankryk land.<br>• Let daarop dat beide Parys, Frankryk en New York, VSA, gedurende die Olimpiese Spele in Parys, Dagligbesparingstyd sal beoefen. |

2.1.1 Die reisagente wat die bespreking vir die verskillende kontingente maak, het direkte vlugbesprekings gemaak.

Noem EEN voordeel om op ŉ direkte vlug te reis vir die atlete wat aan die Parys Olimpiese Spele deelneem. (2)

2.1.2 Bereken die tyd en datum van aankoms van die Suid-Afrikaanse kontingent in Parys, Frankryk.

Onthou om die praktyk van Dagligbesparingstyd in jou berekening in ag te neem.

Toon ALLE berekeninge. (5)



Hosted by www.ecexams.co.za.

2.1.3 Bereken die tyd van vertrek van die Sjinese kontingent vanaf Beijing, Sjina.

Onthou om die praktyk van Dagligbesparingstyd in jou berekening in ag te neem.

Toon ALLE berekeninge. (5)

2.1.4 Bereken die tyd en datum van aankoms van die VSA-kontingent in Parys, Frankryk.

Onthou om die praktyk van Dagligbesparingstyd in jou berekening in ag te neem.

Toon ALLE berekeninge. (5)

2.1.5 (a) Stel voor watter van die drie kontingente deelnemers in die gegewe reisplanne, die meeste geneig sal wees om aan vlugvoosheid met hul aankoms by hul bestemming te ly. (2)

(b) Beveel TWEE maniere aan waarop die lede van die kontingent wat in VRAAG 2.1.5(a) genoem word, die uitwerking van vlugvoosheid tydens hul vlug kan verminder. (2 x 2) (4)

2.1.6 (a) Noem die reisverwante toestand waaraan die Suid-Afrikaanse kontingent heel waarskynlik sal ly met hul aankoms in Parys, Frankryk. (2)

(b) Noem EEN simptoom van die reisverwante toestand in VRAAG 2.1.6(a) genoem. (2)




2.1.7 Met hul aankoms by Charles de Gaulle Internasionale Lughawe in Parys, Frankryk, sal die lede van die verskillende kontingente deur Paspoortbeheer moet gaan waar elke lid hul paspoort vir die amptenare aan diens moet toon.

Verduidelik die doel van ŉ paspoort. (2 x 2) (4)



Hosted by www.ecexams.co.za.

2.1.8 Bestudeer die beelde van drie Olimpiese sportkodes en beantwoord die vraag wat volg.

| Skermkuns | Boogskiet | Skiet |
|---|---|---|
|  |  |  |

Bespreek die prosedure vir die deelnemers in die sportkodes hierbo wanneer hulle vir 'n vlug inboek, met hul sporttoerusting/wapens wat nodig is om aan die Olimpiese Spele deel te neem. (2 x 2) (4)

2.1.9 Lede van die Suid-Afrikaanse kontingent beplan om elk 1 kg biltong in hul inboekbagasie te pak om op hul ontspanningsdae tydens die Olimpiese Spele te geniet.

Adviseer hulle oor die regulasies wat die beweging van hierdie tipe produk oor internasionale grense beheer. (2)

2.1.10 Met sy terugkeer na Suid-Afrika besluit een van die atlete om 4 bottels (750 mℓ elk) Franse wyn en 'n 100 mℓ bottel Franse parfuum as geskenke te koop.

(a) Adviseer hom oor die regte kanaal om by doeane te kies met sy aankoms by OR Tambo Internasionale Lughawe in Johannesburg, Suid-Afrika. (2)

(b) Motiveer jou antwoord in VRAAG 2.1.10 (a) genoem deur EEN rede te gee. (2)

**[41]**

Kopiereg voorbehou Blaai om asseblief

Hosted by www.ecexams.co.za.

## VRAAG 3

3.1 Bestudeer die onderstaande inligting hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

Mnr. Dlamini, 'n Suid-Afrikaanse atletiek-entoesias, het vir 'n vakansie na Parys, Frankryk tydens die 2024 Olimpiese Somerspele gespaar. Hy het verskeie reispakkette ondersoek en op die *Parys 2024-kaartjie en verblyfpakket* wat €4 850 kos besluit. Die pakket sluit die volgende in:

- My Sportkaartjie-bundel wat 4 Olimpiese Spele-atletiekbyeenkomste insluit.
- Vyf nagte by La Planque 3-Ster Hotel
  Inboek: 01 Augustus 2024; Uitboek: 06 Augustus 2024
- Vlieg- en treinkaartjies is NIE by hierdie pakket ingesluit NIE.

**Addisionele kostes:**
- Direkte retoervlug na Parys, Frankryk: R15 803,00
- Visumkoste: R1 671,00
- Reisversekering: R1 325,00
- Sakgeld: Eie diskresie

| BUITELANDSE VALUTAWISSELKOERS-TABEL | | | |
|---|---|---|---|
| **Land** | **Geldeenheid kode** | **Bank-aankoopkoers** | **Bankverkoop-koers** |
| Brittanje | GBP | 23,60 | 24,33 |
| Europa | EUR | 20,15 | 20,74 |

3.1.1 Noem die geldeenheid wat mnr. Dlamini vir sy reis na Frankryk sal benodig. (1)

3.1.2 Bereken die koste van die *Parys 2024-kaartjie en verblyfpakket* in Suid-Afrikaanse rand.

**LET WEL:** Rond jou antwoord tot TWEE desimale plekke af.
Toon ALLE stappe van jou berekening. (3)

3.1.3 Bepaal die bedrag wat mnr. Dlamini sal benodig, in Suid-Afrikaanse rand, vir sy reis na die 2024 Olimpiese Spele, uitgesluit sakgeld en etes wat nie by die pakket ingesluit is nie.

**LET WEL:** Rond jou antwoord tot TWEE desimale plekke af.
Toon ALLE stappe van jou berekening. (3)

3.1.4 Lei af watter van die geldeenhede wat in die buitelandse valutawisselkoers-tabel hierbo genoem word, die sterker koopkrag in verhouding tot die Suid-Afrikaanse rand het. (2)

**[9]**

**TOTAAL AFDELING B: 50**




Hosted by www.ecexams.co.za.

## AFDELING C: TOERISME BESIENSWAARDIGHEDE; KULTUUR- EN ERFENIS TOERISME; BEMARKING

## VRAAG 4

4.1 Bestudeer die prente hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

A



B



C



D





Hosted by www.ecexams.co.za.

4.1.1 Identifiseer die ikone gemerk **A** tot **D**. (4 x 1) (4)

4.1.2 Bestudeer die profiele van die toeriste en beantwoord die vrae wat volg.

**Suzy**



Ek soek natuurlike skoonheid en rustigheid. Ek geniet skilderagtige land-skappe, groenigheid en buite-ervarings. Om met die natuur om te gaan is my prioriteit.

**Thandi**



Ek hou daarvan om bekende landmerke te verken en die geestelike betekenis daarvan te ontdek. As fotograaf is ek opgewonde om asemrowende panoramiese (*skilderagtige*) uitsigte vas te vang.

**Steve**



Ek is passievol daaroor om historiese en kulturele landmerke te verken. Ek waardeer kuns, argitektuur en die verhale agter ikoniese terreine.

**Joe**



Die opwinding van reis lê in verkenning en avontuur. Ek voel aangetrokke tot uitdagende omgewings met panoramiese (*skilderagtige*) uitsigte, historiese wonders en antieke argitektuur.

Pas die profiel van elke toeris by die prente van die ikone.

Skryf slegs die letter (**A** tot **D)** langs die naam van die toeris neer. (4 x 2) (8)

4.1.3 Vergelyk die geografiese liggings van die ikone gemerk **A** en **B**, deur te beklemtoon hoe hierdie liggings tot die uniekheid en noemerswaardigheid/belangrikheid van elke toeristebestemming bydra. (2 x 2) (4)



Hosted by www.ecexams.co.za.

4.2 Bestudeer die beelde en inligting oor die Colosseum en beantwoord die vrae wat volg.

**KOLOSSEUM-BESOEKERSGETALLE HOËR AS PRE-PANDEMIE SYFERS**

Die Colosseum vestig homself steeds as Italië se belangrikste en mees besoekte argeologiese museumterrein en word as een van die belangrikste landmerke wêreldwyd beskou.



**Kaartjieverkope en aantal besoekers – Junie tot Augustus 2023**

- Totale kaartjies verkoop:
  meer as 2,2 miljoen
- Toename:
  16% in vergelyking met 2019 toe 1,9 miljoen kaartjies verkoop is



**Gemiddelde aantal daaglikse besoekers:** 25 000

**NUWE BESOEKERSERVARING**



Aan die einde van Mei 2023 het die Colosseum 'n glashysbak onthul om die terrein meer toeganklik vir mense met mobiliteitsprobleme te maak, asook om panoramiese uitsigte oor die Rome-landmerk te bied. Die nuwe hysbak verbind die eerste vlak van die amfiteater met die middelste galery tussen die tweede en derde vlakke.

[Verwerk uit www.turismoroma.it]



Hosted by www.ecexams.co.za.

4.2.1 Noem die vasteland waar die Colosseum geleë is. (2)

4.2.2 Verskaf TWEE faktore wat tot die lang rye besoekers by die Colosseum bydra. (2 x 2) (4)

4.2.3 Verduidelik hoe die installering van ŉ glashysbak by die Colosseum besoekers se besigtigingservaring sal verryk, en tot hul algehele genot sal bydra. (2)

4.2.4

**ROME-OWERHEDE PAK COLOSSEUM ROT-BESMETTING AAN**

Gedurende die somer van 2023 moes owerhede in Rome optree om ŉ rotprobleem rondom die Colosseum hok te slaan. Toeriste het video's op sosiale media gelaai wat wys hoe rotte naby die antieke amfiteater rondloop. Hierdie rotte is deur hope vullis wat deur toeriste agtergelaat is gelok. Die situasie het vererger weens hittegolwe, wat daartoe gelei het dat groot hoeveelhede plastiekbottels by die monument gelaat is.

Stel TWEE strategieë (*aksies*) voor wat owerhede kan implementeer om ŉ herhaling van so ŉ gebeurtenis naby die Colosseum in die toekoms te vermy. (2 x 2) (4)

**[28]**



Hosted by www.ecexams.co.za.

## VRAAG 5

Lees die inligting hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

**ISIMANGALISO VLEILANDPARK-OWERHEID HET AMPTELIK DIE ENKOVUKENI GEMEENSKAPS-HULPBRONSENTRUM BEKENDGESTEL – JUNIE 2023**

iSimangaliso Vleilandparkowerheid, in samewerking met die nie-winsgewende organisasie, Wild Trust through the Wild Oceansprogram en die Tembe Tradisionele Owerheid, het die eNkovukeni-gemeenskapshulpbronsentrum in Kosibaai bekendgestel. Die sentrum dien as ŉ waardevolle hulpbronsentrum, wat die gemeenskap deur verskeie inisiatiewe, insluitend oseaanbewustheid, opleiding, kleinsake-ontwikkeling, werksgeleenthede vir jeug en bewaringsaktiwiteite bevoordeel.

Geleë in ŉ histories-benadeelde gemeenskap binne iSimangaliso Vleilandpark, spreek eNkovukeni uitdagings aan soos die behoefte om lang afstande vir rekenaar- en internettoegang te reis.

eNkovukeni-sentrum akkommodeer alle ouderdomsgroepe, en bied ook toegang tot naaimasjiene en vaardigheidsopleiding. Die fasiliteit het ŉ positiewe impak op die gemeenskap gehad deur inkomstegenererende geleenthede en vaardigheidsopleiding te verskaf.

Die tradisionele leierskapsverteenwoordiger, mnr. Vusumuzi Tembe, het vreugde oor die ontwikkeling van die sentrum uitgespreek. Me. Makhosi Mathenjwa, ŉ jong gemeenskapslid van eNkovukeni, het die sentrum se rol in die opvoeding van die jeug oor natuurbewaring en seelewe beklemtoon.

[Verwerk uit www.isimangaliso.com]

5.1 Gee die naam van die provinsie waarin iSimangaliso Vleilandpark-wêrelderfenisgebied geleë is. (1)

5.2 Kies die korrekte UNESCO-klassifikasie:

iSimangaliso Vleilandpark is ŉ (kulturele/gemengde/natuurlike) Wêrelderfenisgebied. (1)

5.3 Verduidelik UNESCO se rol met betrekking tot die iSimangaliso-Vleilandpark-wêrelderfenisgebied. (2)

5.4 Bespreek in ŉ paragraaf hoe die gemeenskapshulpbronsentrum by iSimangaliso Vleilandpark die waarde van die Wêrelderfenisgebied sal verhoog (*meer maak*) deur:

- ŉ Positiewe impak op die eNkovukeni-gemeenskap te skep.
- Bewusmaking en die verskaffing van opvoeding oor bewaring.
- Aanmoediging van die ontwikkeling van volhoubare toerisme. (3 x 2) (6)

**[10]**

Kopiereg voorbehou

Hosted by www.ecexams.co.za.

## VRAAG 6

Bestudeer die uittreksel en prente hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

**SA WEN GOUD BY BERLYN *(ITB BERLIN)* 2023**

*15 Maart 2023*

Die Suid-Afrikaanse uitstalling by ITB Berlyn het goud gewen, toe dit as *'Beste Uitstaller in die Afrika-kategorie*' tydens 'n toekenningseremonie ná die skou aangekondig is.

Bydraende faktore wat daartoe gelei het dat die Suid-Afrikaanse uitstalling bo uitgekom het: die verskeidenheid produkte en dienste wat by die uitstalling verteenwoordig is, sy kunstige verteenwoordiging asook 'n hoogs toegewyde personeel wat saam met die ITB Berlyn-span in die aanloop tot die skou gewerk het.

**SUID-AFRIKAANSE TOERISME: ITB 2023 UITSTALLERS**




[Verwerk uit https://www.tourismupdate.co.za/]

6.1 Identifiseer die tipe toerismegeleentheid wat by ITB Berlyn plaasvind. (2)

6.2 Noem die kernfunksie wat Suid-Afrikaanse Toerisme verrig deur sy deelname aan ITB Berlyn. (2)

6.3 Identifiseer EEN aspek in die beeld van Suid-Afrikaanse Toerisme se uitstalling wat tot die toekenning van die *'Beste Uitstaller in die Afrika-kategorie*' by ITB Berlyn 2023 bygedra het. (2)

6.4 Suid-Afrikaanse Toerisme is verantwoordelik om die bemarkingsaktiwiteite van rolspelers in die toerismebedryf te koördineer.

Bespreek DRIE potensiële (*moontlike*) voordele vir die toerismebedryf besighede wat as uitstallings-vennote met Suid-Afrikaanse Toerisme by ITB Berlyn 2023 deelgeneem het. (3 x 2) (6)

**[12]**

**TOTAAL AFDELING C: 50**



Hosted by www.ecexams.co.za.

## AFDELING D: TOERISME SEKTORE; VOLHOUBARE EN VERANTWOORDELIKE TOERISME

### VRAAG 7

Bestudeer die advertensie vir personeel vir 'n luukse toerskipmaatskappy en beantwoord die vrae wat volg.

**PENIKA LUUKSE BOOTRITTE**

**Ons stel aan vir die 2025-bootvaartseisoen!**



Oorweeg jy om by die personeel van een van Suid-Afrika se voorste toerskipmaatskappye aan te sluit?

Dien jou aanlyn aansoek in deur die skakel te gebruik:
https://www.penika.cruises\jobapplication

7.1 Noem TWEE loopbaangeleenthede wat op 'n toerskip beskikbaar is. (2)

7.2 Noem TWEE voordele en TWEE nadele van die werksomstandighede in die luukse toerskipbedryf.

Die tabel hieronder sal jou help om jou antwoord te beplan.

| Voordele om op 'n toerskip te werk | | Nadele van op 'n toerskip werk | |
|---|---|---|---|
| 7.2.1 | | 7.2.3 | |
| 7.2.2 | | 7.2.4 | |

(8)

7.3 Bespreek, deur TWEE redes te gee, waarom dit belangrik is dat alle personeellede van Penika Luukse Bootritte te alle tye 'n professionele beeld tydens 'n bootvaart vertoon. (2 x 2) (4)

**[14]**



Hosted by www.ecexams.co.za.

## VRAAG 8

Lees die uittreksel en beantwoord die daaropvolgende vrae.

Project RHINO
STOP WILDLIFE CRIME

Project Rhino is ’n renoster-gefokusde vereniging wat verskeie belanghebbendes in die gesamentlike doel om wildmisdaad te bekamp te verenig.

Saam met Suid-Afrika se Krugerwildtuin is wildreservate wat lid is van Project Rhino gesamentlik verantwoordelik vir die beskerming van die wêreld se grootste renosterbevolking. Die Project Rhino-program verseker dat pogings om renosterbevolkings te beskerm goed gestruktureer en beheer word.

**Project Rhino se vier fokusareas:**

| | |
|---|---|
| **Koördinering** | • Versameling en analise van inligting<br>• Verkryging van befondsing en skenkings |
| **Wildbewaarder en tegniese ondersteuning** | • Toerusting vir wildbewaarders<br>• Teen-stroop tegnologie |
| **Wildlewe jeug en leierskapsontwikkeling** | • Interaksie en opvoeding van jeug en wildlewe-gemeenskappe<br>• Jeugkampe, Leierskapsforums, Wêreldjeug Wildleweberaad |
| **Ekonomie en ondernemingsbewaring** | • Ondersteuning van leefstyle deur werkskepping, kleinsake-ontwikkeling en perma-kultuur tuine |

8.1 Gebruik die inligting wat gegee word om die tabel hieronder te voltooi.

Teken en voltooi die tabel in jou ANTWOORDEBOEK met TWEE voorbeelde van elk van die pilare van volhoubaarheid uit die uittreksel.

| Pilaar van volhoubaarheid | Ekonomies/ Wins | Sosiaal/Mense | Omgewing/ Planeet |
|---|---|---|---|
| **Voorbeeld 1** | | | |
| **Voorbeeld 2** | | | |

(12)

Kopiereg voorbehou

Hosted by www.ecexams.co.za.

8.2 Uit die uittreksel identifiseer EEN strategie wat ŉ maatskappy as deel van hul Korporatiewe Maatskaplike Beleggingsbeleid kan implementeer indien hulle tot Project Rhino wil bydra. (2)

8.3 Stel EEN werksgeleentheid voor wat onder die fokusarea: "Wildlewe jeug en leierskapsontwikkeling" geskep kan word. (2)
**[16]**

**TOTAAL AFDELING D: 30**



Hosted by www.ecexams.co.za.

## AFDELING E: PLAASLIKE, STREEKS- EN INTERNASIONALE TOERISME; KOMMUNIKASIE EN KLIËNTEDIENS

## VRAAG 9

9.1 Bestudeer die uittreksel hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

### ORKAAN OTIS VEROORSAAK KATASTROFIESE SKADE IN ACAPULCO, MEKSIKO




Op 25 Oktober 2023 het Orkaan Otis deur die Meksikaanse strandoord Acapulco gesnel en groot skade aangerig toe dit die suidelike Stille Oseaan-kus met swaar reën en sterk wind getref het. Die storm het vinnig toegeneem, met windspoed wat binne 24 uur met 215 km/h toegeneem het, wat die stad se meer as een miljoen inwoners min tyd gegee het om vir die aankoms daarvan voor te berei. Die orkaan se volgehoue (*voortgesette*) winde het 'n hoogtepunt van 265 km/h bereik.





[Angepas uit www.nesdis.noaa.gov]

9.1.1 Voltooi die sin deur die ontbrekende woorde in te vul.

Orkaan Otis kan as 'n ... geklassifiseer word. (2)

9.1.2 Beskryf hoe Orkaan Otis die infrastruktuur van Acapulco beïnvloed het deur spesifieke voorbeelde van die skade wat aangerig is te gee. (2 x 2) (4)

9.1.3 Evalueer die ekonomiese gevolge van Orkaan Otis op die toerismesektor in Acapulco. (3 x 2) (6)



Hosted by www.ecexams.co.za.

9.2 Bestudeer die inligting en statistiek hieronder en beantwoord die daaropvolgende vrae wat volg.

**INTERNASIONALE TOERISTE AANKOMSTE, BESTEDING, BEDNAGTE EN LENGTE VAN VERBLYF PER PROVINSIE K3 2022 EN K3 2022**

| PROVINSIE | Inter-nasionale toeriste-aan-komste K3 2022 | Inter-nasionale toeriste-aan-komste K3 2023 | Bednagte (miljoene) K3 2022 | Bednagte (miljoene) K3 2023 | Lengte van verblyf (nagte) K3 2022 | Lengte van verblyf (nagte) K3 2023 |
|---|---|---|---|---|---|---|
| Oos-Kaap | 51 000 | 70 000 | 0,7 | 0,9 | 13,5 | 13,0 |
| Vrystaat | 186 000 | 211 000 | 2,2 | 2,4 | 12,2 | 11,6 |
| Gauteng | 606 000 | 954 000 | 6,2 | 12,0 | 10,7 | 13,0 |
| KwaZulu-Natal | 163 000 | 128 000 | 1,6 | 1,1 | 10,2 | 8,5 |
| Limpopo | 167 000 | 160 000 | 0,8 | 1,7 | 4,8 | 10,9 |
| Mpumalanga | 342 000 | 463 000 | 2,7 | 4,3 | 8,1 | 9,6 |
| Noordwes | 75 000 | 77 000 | 0,5 | 0,9 | 8,0 | 12,0 |
| Noord-Kaap | 30 000 | 28 000 | 0,1 | 0,2 | 4,9 | 9,0 |
| Wes-Kaap | 227 000 | 294 000 | 3,2 | 3,3 | 14,4 | 11,7 |

[Verwerk uit www.live.southafrica.net]

9.2.1 Verwys na die internasionale toeriste-aankomste vir K3 2022 en K3 2023.

(a) Noem die TWEE provinsies wat die grootste afname in die aantal internasionale toeriste-aankomste in K3 van 2023 in vergelyking met K3 2022 aangeteken het. (2 x 1) (2)

(b) Bepaal (bereken) die toename in die aantal internasionale toeriste-aankomste in Mpumalanga gedurende K3 2023 in vergelyking met K3 2022. (2)

9.2.2 Verwys na die bednagte en lengte van verblyf vir K3 2022 en K3 2023.

(a) Identifiseer die provinsie wat 'n afname in beide bednagte en lengte van verblyf gedurende K3 2023 in vergelyking met K3 2022 ervaar het. (2)

(b) Die Wes- en Oos-Kaap provinsies het die langste verblyftydperke in K3 2022 aangeteken, terwyl Gauteng en die Oos-Kaap die langste verblyftydperke in K3 2023 gehad het.

Stel TWEE redes voor vir die neiging van internasionale besoekers wat op langer verblyf in die Oos-Kaap besluit het. (2 x 2) (4)

**[22]**



Hosted by www.ecexams.co.za.

## VRAAG 10

Bestudeer die uittreksel hieronder en beantwoord die vrae wat volg.


### KLIËNTEDIENS KLETSBOTTE (CHATBOTS)

Kliëntedienskletsbotte is rekenaarprogramme wat menslike gesprekke kan naboots, wat outomatiese ondersteuning en hulp bied. Hierdie kletsbotte is 24/7 beskikbaar en kan baie kliëntinteraksies op dieselfde tyd bestuur.

Kletsbotte, wat deur Kunsmatige Intelligensie (KI) aangedryf word, kan opgestel word om in verskeie tale te kommunikeer, wat hulle uiters nuttig maak om 'n wye verskeidenheid kliënte te help.

Boonop kan KI-aangedrewe kletsbotte kliëntedata versamel en ontleed terwyl hulle in gesprekke betrokke raak.

[Aangepas uit www.talkdesk.com/blog/chatbots-customer-service/]



**Penika Hotel Kletsbot**




10.1 Identifiseer die metode wat Penika Hotel gebruik om terugvoering deur 'n kletsbot in te samel om klanttevredenheid te bepaal. (2)

10.2 Gee EEN voordeel van die gebruik van 'n kletsbot vir die insameling van kliënteterugvoering by Penika Hotel. (2)

10.3 Beveel TWEE strategieë aan wat die hotelbestuur in plek kan stel om die terugvoer wat die gas genaamd Jim verskaf het, aan te spreek. (2 x 2) (4)

**[8]**

**TOTAAL AFDELING E: 30**
**GROOTTOTAAL: 200**

Kopiereg voorbehou

Hosted by www.ecexams.co.za.

Province of the
EASTERN CAPE
EDUCATION

Iphondo leMpuma Kapa: Isebe leMfundo
Provinsie van die Oos Kaap: Department van Onderwys
Porafensie Ya Kapa Botjahabela: Lefapha la Thuto

# NASIONALE SENIORSERTIFIKAAT

## GRAAD 12

## SEPTEMBER 2024

# TOERISME NASIENRIGLYN

**PUNTE: 200**

More Recourses

Testpapers.co.za Exam Papers / Study Guides / Summaries / Tutoring

TestpapersPro.co.za Study Notes / Quizzes / Flashcards / Exam Questions

## AFDELING A: KORTVRAE

### VRAAG 1

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| 1.1 | 1.1.1 | B ✓ | | |
| | 1.1.2 | C ✓ | | |
| | 1.1.3 | A ✓ | | |
| | 1.1.4 | B ✓ | | |
| | 1.1.5 | C ✓ | | |
| | 1.1.6 | D ✓ | | |
| | 1.1.7 | A ✓ | | |
| | 1.1.8 | C ✓ | | |
| | 1.1.9 | D ✓ | | |
| | 1.1.10 | C ✓ | | |
| | 1.1.11 | C ✓ | | |
| | 1.1.12 | C ✓ | | |
| | 1.1.13 | B ✓ | | |
| | 1.1.14 | D ✓ | | |
| | 1.1.15 | D ✓ | | |
| | 1.1.16 | B ✓ | | |
| | 1.1.17 | B ✓ | | |
| | 1.1.18 | B ✓ | | |
| | 1.1.19 | A ✓ | | |
| | 1.1.20 | B ✓ | (20 x 1) | (20) |
| 1.2 | 1.2.1 | Geelkoors ✓ | | |
| | 1.2.2 | Dienskontrak ✓ | | |
| | 1.2.3 | Malaria ✓ | | |
| | 1.2.4 | Gedragskode ✓ | | |
| | 1.2.5 | Gesondheidsertifikaat ✓ | (5 x 1) | (5) |
| 1.3 | 1.3.1 | Voorafgelaaide buitelandse valuta debietkaarte ✓ | | |
| | 1.3.2 | SWIFT ✓ | | |
| | 1.3.3 | Kontant ✓ | | |
| | 1.3.4 | EFO ✓ | | |
| | 1.3.5 | Bankwissel ✓ | (5 x 1) | (5) |
| 1.4 | 1.4.1 | D ✓ – Ekonomiese pilaar van volhoubaarheid | | |
| | 1.4.2 | C ✓ – Verantwoordelike toeristegedrag | | |
| | 1.4.3 | A ✓ – Beginsel van Billike Handel Toerisme | | |
| | 1.4.4 | G ✓ – BBSEB | | |
| | 1.4.5 | B ✓ – Sal omgewingsbewuste toeriste lok | (5 x 1) | (5) |
| 1.5 | 1.5.1 | F ✓ | | |
| | 1.5.2 | D ✓ | | |
| | 1.5.3 | G ✓ | | |
| | 1.5.4 | C ✓ | | |
| | 1.5.5 | E ✓ | (5 x 1) | (5) |

**TOTAAL AFDELING A: 40**



Hosted by www.ecexams.co.za.

## AFDELING B: KAARTWERK EN TOERBEPLANNING; BUITELANDSE VALUTAVERHANDELING

### VRAAG 2

2.1 2.1.1 'n Direkte vlug is vinniger as om 'n vlug met een of meer stilhouplekke te neem. ✓✓
- Atlete wat op 'n direkte vlug reis, sal nie so moeg wees met hul aankoms by hul bestemming nie.
- Atlete wat op 'n direkte vlug reis, sal minder geneig wees om aan reisverwante siektes te ly wanneer hulle by hul bestemming aankom. (2)

2.1.2 Johannesburg, SA +2
Parys, Frankryk +1 (+1 DBT) +2 ✓
Geen tydsverskil nie ✓
18:50 + ✓10uur 55min = 29:45 -24:00 = 05:45 ✓op 2 Julie ✓

**OF**

05:45 ✓✓✓✓op 2 Julie ✓ (5)

2.1.3 Beijing, Sjina +8
Parys, Frankryk +1 (+1 DBT) +2 ✓
Tydsverskil: 6 uur ✓
07:25 + ✓6 uur = 13:25
13:25 – ✓11 uur 15 min = 02:10 ✓

**OF**

02:10 ✓✓✓✓✓ (5)

2.1.4 New York, VSA -5
Parys, Frankryk +1
Beide plekke beoefen Dagligbesparingstyd, so dit is nie nodig om hierdie stap by die berekening in te sluit nie.
Tydsverskil: 6 uur ✓
17:35 + ✓ 6 uur = 23:35 + ✓ 7uur 20min = 30:55 – 24:00 = 06:55 ✓ op 2 Julie ✓

**OF**

06:55 ✓✓✓✓op 2 Julie ✓ (5)

2.1.5 (a) Die Sjinese kontingent ✓✓ (2)

(b) Lede van die Sjinese kontingent moet:
Baie nie-alkoholiese drankies, veral water tydens die vlug drink. ✓✓
Oefen terwyl hulle op die vlug is. ✓✓
- Soveel as moontlik op die vlug slaap. (2 x 2) (4)



Hosted by www.ecexams.co.za.

2.1.6 (a) Vlugvoosheid ✓✓ (2)

(b) Uiterse moegheid ✓✓ (2)

2.1.7 ʼn Paspoort is ʼn dokument wat die identiteit ✓✓ en nasionaliteit ✓✓ van die houer daarvan sertifiseer. (2 x 2) (4)

2.1.8 Passasiers mag nie wapens op ʼn vlug saamneem nie. ✓✓ Alle wapens moet ingeboek word, ✓✓ en word apart van passasiers in die vragruim vervoer.

- Sekere tipes sporttoerusting, soos boogskietboë, skermkunstoerusting en vuurwapens, mag bykomende dokumentasie of permitte vir vervoer vereis. Passasiers moet hierdie items tydens die inboekproses verklaar en enige nodige papierwerk verskaf. (2 x 2) (4)

2.1.9 Biltong val onder die kategorie van "om te verklaar" produkte (voedsel, plante, diere en biologiese goedere, alle plant- en diereprodukte), en moet by aankoms by doeane verklaar word. ✓✓

- Die meeste lande laat nie toe dat produkte soos biltong ʼn land binnegebring word nie.
- Sommige lande het streng regulasies rakende die invoer van vleisprodukte om die verspreiding van siektes te voorkom. (2)

2.1.10 (a) Rooikanaal ✓✓ (2)

(b) Die goedere oorskry die limiet vir "belastingvrye" items. ✓✓ (2)

**[41]**



Hosted by www.ecexams.co.za.

**VRAAG 3**

3.1 3.1.1 EURO ✓ (1)

3.1.2 €4 850 X ✓ 20,74 ✓= ZAR 100 589,00 ✓

**OF**

ZAR100 589 ✓✓✓ (3)

3.1.3 R100 589,00 + R15 803,00 + R1 671,00 + R1 325,00 = ZAR 119 388 ✓✓✓ (3)

3.1.4 Die Britse Pond het sterker koopkrag in verhouding tot die Suid-Afrikaanse rand. ✓✓ (2)

**[9]**

**TOTAAL AFDELING B: 50**

Kopiereg voorbehou



Hosted by www.ecexams.co.za.

**AFDELING C: TOERISME BESIENSWAARDIGHEDE; KULTUUR- EN ERFENISTOERISME; BEMARKING**

**VRAAG 4**

4.1 4.1.1 A – Groot Muur van Sjina ✓
B – Venesië ✓
C – Swartwoud ✓
D – Standbeeld van Christus die Verlosser ✓ (4 x 1) (4)

4.1.2 Suzy: C ✓✓ (Swartwoud)
Thandi: D ✓✓ (Standbeeld van Christus die Verlosser)
Steve: B ✓✓ (Venesië)
Joe: A ✓✓ (Groot Muur van Sjina) (4 x 2) (8)

4.1.3 **<u>Ikoon A – Groot Muur van Sjina</u>:**
Die Groot Muur, wat oor die noorde van Sjina strek, is die wêreld se langste mensgemaakte verdedigingstruktuur. ✓✓

- Die muur strek oor berge, woestyne en grasvelde.
- Die Groot Muur van Sjina is op land gebou.
- Die Groot Muur van Sjina pas by verskeie omgewings/terreine aan.
- Die Groot Muur van Sjina lok besoekers wat in geskiedenis, antieke beskawing, avontuur en panoramiese uitsigte belangstel.

**<u>Ikoon B – Venesië</u>:**
Venesië, geleë in die noordooste van Italië, is gebou op ŉ groep van 118 klein eilande wat deur kanale geskei word, en deur brûe verbind is. ✓✓

- Venesië is op water gebou, met kanale wat as die belangrikste vervoerroetes dien. (2 x 2) (4)

4.2 4.2.1 Europa ✓✓ (2)

4.2.2 Die Colosseum is ŉ simbool van Rome, wat erken word vir sy historiese en kulturele betekenis. ✓✓
Die Colosseum is een van die mees besoekte landmerke wêreldwyd. ✓✓

- Kapasiteitsbeperkings by die Colosseum lei tot lang rye, veral gedurende piektoeristeseisoene, as gevolg van die beperkte aantal besoekers wat toegelaat word.
- Sekuriteitsondersoeke kan tot langer wagtye lei aangesien besoekers deeglike sekuriteitsondersoeke ondergaan voordat hulle die terrein betree.
- Baie besoekers kies begeleide toere deur die Colosseum, wat dikwels aangewese toegangstye en beperkte beskikbaarheid het, wat bydra tot toue terwyl toeriste vir hul geskeduleerde toer wag om te begin.

Kopiereg voorbehou 

Hosted by www.ecexams.co.za.

- Besoekers met *skip-the-line*-kaartjies of begeleide toere kry voorkeurbehandeling, wat gewone toue omseil, wat moontlik tot langer wagtye vir ander en algehele opeenhoping by die ingang lei. (2 x 2) (4)

4.2.3 Die glashysbak sal toegang vir besoekers met mobiliteitsuitdagings verbeter, en hulle in staat stel om toegang tot verskeie vlakke van die monument te kry en die historiese betekenis daarvan ten volle te ervaar. ✓✓

- Die glashysbak sal besoekers panoramiese uitsigte oor die Colosseum en sy omgewing bied, wat hul besigtigingservaring verbeter en hul waardering vir die antieke landmerk verhoog.
- Deur die glashysbak te ry, sal besoekers 'n nuwe en hoër uitsig van die Colosseum gee, wat hulle help om die monument vanuit 'n ander hoek te sien en die argitekturale- en historiese belangrikheid daarvan beter te verstaan.
- Die glashysbak bied 'n vinniger en meer doeltreffende manier vir besoekers om tussen verskillende vlakke van die Colosseum te beweeg, wat hulle tyd en energie spaar en hul besoek aangenamer maak.
- Die glashysbak sal besoekers 'n panoramiese uitsig oor die Colosseum en sy omgewing gee, wat die ervaring van die besienswaardigheid aangenamer maak.
- Die glashysbak sal besoekers die Colosseum se gedetailleerde argitektuur laat sien terwyl hulle op of af daarmee gaan, wat hulle help om die monument se geskiedenis en konstruksie te verstaan en te waardeer. (2)

4.2.4 Installering van meer vullisdromme. ✓✓
Vermeerder openbare bewusmakingsveldtogte oor verantwoordelike toerismepraktyke. ✓✓

- Stel meer personeel aan om gereeld rommel op te tel, en vullisdromme en dreine leeg te maak.
- Dwing boetes vir rommelstrooi af.
- Moedig die gebruik van bioafbreekbare of herbruikbare materiale, bv. hervulbare waterbottels, onder toeriste aan.
- Die opstel van strikke vir knaagdiere.
- Die installering van meer herwinningsfasiliteite.
- Implementering van strenger afvalbestuursbeleide.
- Samewerking met plaaslike gemeenskappe en besighede om volhoubare en verantwoordelike toerismepraktyke te bevorder. (2 x 2) (4)

**[28]**



Hosted by www.ecexams.co.za.

**VRAAG 5**

5.1 KwaZulu-Natal ✓
- KZN (1)

5.2 Natuurlik ✓ (1)

5.3 Konstante monitering om die status van die Wêrelderfenisgebied te handhaaf en te beskerm. ✓✓
- Bied ondersteuning in terme van bestuursplanne.
- Onderrig / skep bewustheid.
- Moedig die plaaslike bevolking aan om hul kulturele en natuurlike erfenis te bewaar.
- Skakel met relevante belanghebbendes wanneer die Wêrelderfenisgebied bedreig word/in gedrang is.
- Finansiële hulp word in gevalle van onvoorsiene gebeurtenisse verleen.
- Bystand met die opgradering van fasiliteite in die geval van ’n onvoorsiene gebeurtenis.
- Bevorder samewerking en ontwikkeling.
- Hersien die terrein jaarliks om vas te stel of dit steeds aan die UNESCO-kriteria voldoen.
- Bevorder die terrein deur dit op die UNESCO-webwerf te hê.
- Bevorder die terrein deur die UNESCO-banier op die terrein te vertoon. (2)

5.4 **Skep van ’n positiewe impak op die eNkovukeni-gemeenskap:**
Dit sal die gemeenskap bevoordeel deur inisiatiewe soos die verhoging van oseaanbewustheid, die verskaffing van opleiding, die ondersteuning van kleinsake-ontwikkeling, die bied van werksgeleenthede vir die jeug en die uitvoer van bewaringsaktiwiteite. ✓✓
- Die gemeenskap sal toegang tot rekenaars en die internet hê.
- Hulle sal nie lang afstande vir rekenaar- en internettoegang hoef te reis nie.
- Die sentrum sal alle ouderdomsgroepe bedien.
- Die hulpbronsentrum bied toegang tot naaimasjiene en verskaf vaardigheidsopleiding.
- Die fasiliteit sal inkomstegenererende geleenthede en vaardigheidsopleiding bied.
- Die hulpbronsentrum skep werksgeleenthede en entrepreneurs-geleenthede wat die lewenstandaard van die gemeenskap sal verbeter.
- Afname in werkloosheid, armoede en misdaad.



Hosted by www.ecexams.co.za.

**Bewusmaking en opvoeding oor bewaring:**
Deur die sentrum se pogings, soos oseaanbewustheidsprogramme en natuurgebaseerde oplossings, leer die plaaslike gemeenskap oor bewaring. Hierdie kennis sal waarskynlik met toeriste gedeel word, wat die opvoedkundige ervaring van toerisme by iSimangaliso Vleilandpark verbeter. ✓✓

- Die projek bou ŉ sterker band tussen iSimangaliso Vleilandpark en die plaaslike gemeenskap.
- Deur die gemeenskap by bewaringspogings te betrek, sal daar ŉ groter begrip en sin vir verantwoordelikheid teenoor die ekologiese belangrikheid van die park wees.
- Deur die plaaslike gemeenskap by bewaringstake te betrek, help die eNkovukeni-projek om iSimangaliso Vleilandpark se natuurlike en kulturele erfenis te beskerm.
- Hierdie betrokkenheid sal ŉ gevoel van verantwoordelikheid en trots onder gemeenskapslede skep, wat tot verbeterde omgee vir die park lei.

**Aanmoediging van die ontwikkeling van volhoubare toerisme:**
Die sentrum bevorder volhoubare toerismepraktyke deur die plaaslike gemeenskap te betrek. ✓✓

- Die betrek van die plaaslike gemeenskap sal besoekers wat in verantwoordelike en gemeenskapsgerigte toerisme belangstel lok.
- Die sentrum se klem op die ontwikkeling van klein besighede en die skep van kunsvlyt/handwerk verhoog die toerisme-opsies by iSimangaliso.
- Toeriste kan aan aktiwiteite soos die koop van plaaslike-vervaardigde handwerk deelneem, wat help om die gemeenskap se ekonomiese volhoubaarheid te ondersteun.
- Die betrokkenheid van die plaaslike gemeenskap sal tot ŉ groei in ekotoerisme lei, wat tot ŉ toename in besoekers by herberge/lodges en akkommodasie-instansies sal lei.
- Moedig omgewingsbewustheid aan.
- Verhoogde besoekersgetalle sal die vermenigvuldigereffek in werking laat tree.
- ŉ Hupstoot aan ekonomiese aktiwiteite sal ŉ groter bydrae tot die BBP tot gevolg hê. (3 x 2) (6)

**[10]**



Hosted by www.ecexams.co.za.

## VRAAG 6

6.1 Reishandelskou ✓✓
- Reishandeluitstalling
- Bemarkingsgeleentheid (2)

6.2 Bemarking van Suid-Afrika internasionaal as 'n voorkeurtoerisme-bestemming. ✓✓ (2)

6.3 Aantreklike en opvallende uitstallings. ✓✓
- Kunstige uitstallings van Suid-Afrikaanse toerismeprodukte en -dienste.
- Aantreklike uitleg van die uitstalling.
- Personeel wat die uitstalling beman beantwoord vrae oor Suid-Afrika.
- Aanbiedings oor Suid-Afrikaanse produkte en dienste. (2)

6.4 Verseker globale sigbaarheid en blootstelling vir toerisme-produkte. ✓✓
ITB Berlyn bied 'n platform om belangrike markte te bereik. ✓✓
Netwerk met professionele persone in die reisbedryf, soos toeroperateurs en reisagentskappe. ✓✓
- Dit maak netwerk- en samewerkingsgeleenthede moontlik wat die verspreiding van Suid-Afrika se toerismeprodukte en -dienste kan verbeter.
- Verken potensiële sakegeleenthede en onderhandel vennootskappe.
- Geleentheid om beleggings te lok.
- Geleentheid om unieke verkoopspunte uit te lig.
- Help om hulself van mededingers te onderskei.
- Vestig 'n positiewe beeld wat by potensiële reisigers aanklank vind.

(3 x 2) (6)
**[12]**

**TOTAAL AFDELING C: 50**



Hosted by www.ecexams.co.za.

## AFDELING D: TOERISME SEKTORE; VOLHOUBARE EN VERANTWOORDELIKE TOERISME

### VRAAG 7

7.1 Sjef ✓
Vermaaklikheidster ✓
- Fotograaf
- Skoonheidskundige
- Skeepskaptein
- Dokter
- Bootvaart-direkteur

***LET WEL:*** *Aanvaar enige geskikte antwoord.*
*Ken een punt vir elke korrekte antwoord toe.* (2)

7.2

| **Voordele om op 'n toerskip te werk** | | **Nadele van op 'n toerskip werk** | |
|---|---|---|---|
| 7.2.1 | Die lewenskoste is laag aangesien verblyf en etes by die pakket ingesluit is. ✓✓ | 7.2.3 | Beperkte persoonlike ruimte en privaatheid as gevolg van gedeelde verblyf. ✓✓ |
| 7.2.2 | Personeellede kan baie reis in die uitvoering van hul pligte en baie kulture ervaar. ✓✓ | 7.2.4 | Uitdagende werksure met lang skofte en beperkte ontspanningstyd. ✓✓ |
| • Vergoedingspakkette is gewoonlik goed. | | • Verlengde tydperke weg van familie en vriende. | |
| • Mediese sorg aan-boord die skip is gratis. | | • Veeleisende gaste. | |
| • Uniforms is by die pakket ingesluit. | | • Blootstelling aan seesiekte en rowwe weerstoestande. | |

***LET WEL:*** *Aanvaar enige geskikte antwoord in enige volgorde onder die korrekte opskrif.*
*Ken twee punte vir elke korrekte antwoord toe.* (8)

7.3 Die bied van 'n professionele beeld boesem vertroue in die handelsmerk Penika Luxury Cruises in wat die kliëntebasis sal vergroot, en tot verhoogde inkomste en werkskepping sal lei. ✓✓
Die bied van 'n professionele beeld dien as 'n uitstekende bemarkingsinstrument vir die maatskappy. ✓✓
- Die bied van 'n professionele beeld lei tot positiewe mondelinge-reklame wat tot verhoogde verkope van bootvaarte, verhoogde winste en werksgeleenthede sal lei. (2 x 2) (4)

**[14]**



Hosted by www.ecexams.co.za.

## VRAAG 8

8.1

| Pilaar van volhoubaarheid | Ekonomies / Wins | Sosiaal / Mense | Omgewing / Planeet |
|---|---|---|---|
| **Voorbeeld 1** | Ondersteun lewensgehalte deur plaaslike werkskepping ✓✓ | Interaksie en opvoeding van die jeug en gemeenskappe ✓✓ | Perma-kultuur kostuine ✓✓ |
| **Voorbeeld 2** | Kleinsake-ontwikkeling ✓✓ | Leierskaps-ontwikkeling ✓✓ | Teen-stropery tegnologie ✓✓ |
| | | • Jeugkampe, Leierskaps-forums, Wêreld-jeugwild-beraad | |

(12)

8.2 Maak finansiële skenkings aan Project Rhino. ✓✓

- Die verskaffing van teenstroperytegnologie of toerusting vir veldwagters.
- Personeellede wat die leierskapontwikkelingsprogramme aanbied.
- Personeellede wat programme by die kampe, leierskapforums of berade aanbied. (2)

8.3 Wildlewe-opvoeder ✓✓

- Personeellid of organiseerder by 'n jeugkamp
- Enige werk wat die organisering of aanbieding van 'n leierskapsforum en/of jeugwildberaad behels.

***LET WEL:*** *Aanvaar enige geskikte antwoord.* (2)

**[16]**

**TOTAAL AFDELING D: 30**



Hosted by www.ecexams.co.za.

## AFDELING E: PLAASLIKE, STREEKS EN INTERNASIONALE TOERISME; KOMMUNIKASIE EN KLIËNTEDIENS

### VRAAG 9

9.1 9.1.1 Onvoorsiene gebeurtenis ✓✓
- Natuurramp (2)

9.1.2 Hotelle en geboue langs die kus het strukturele skade opgedoen, met dakke wat afgewaai is, vensters uitgewaai en mure het ineengestort. ✓✓
Paaie is deur bome wat omgeval het en puin versper, wat vervoer bemoeilik het. ✓✓
- Kragdrade is beskadig.
- Kommunikasienetwerke is ontwrig. (2 x 2) (4)

9.1.3 Sluiting van hotelle, strande en ander toeriste-infrastruktuur as gevolg van die wydverspreide skade wat deur die orkaan veroorsaak is. ✓✓
Afname in toeriste-aankomste, wat lei tot inkomsteverliese vir hotelle, restaurante, toeroperateurs en ander besighede wat van toerisme afhanklik is. ✓✓
Aflegging van werknemers/werksverliese as gevolg van beskadigde infrastruktuur – negatiewe impak op inkomste verdien vir die mense van Acapulco. ✓✓
- Die vermenigvuldigingseffek sal negatief beïnvloed word as gevolg van minder toeriste wat die strandoord besoek.
- ŉ Afname in buitelandse toeriste-aankomste na Acapulco sal verminderde buitelandse inkomste tot gevolg hê.
- Daling in plaaslike en buitelandse valuta-verdienste as gevolg van ŉ afname in besoekersgetalle.
- Afname in BBP-bydraes.
- Daar sal lang tydperke van geen toerisme-aktiwiteite wees totdat infrastruktuur herbou is.
- Die negatiewe publisiteit rondom die orkaan se impak sal potensiële besoekers daarvan weerhou om Acapulco as hul vakansiebestemming te kies weens kommer oor veiligheid en infrastruktuurskade.
- Kansellasies van besprekings weens skade aan infrastruktuur. (3 x 2) (6)

Kopiereg voorbehou 

Hosted by www.ecexams.co.za.

9.2 9.2.1 (a) KwaZulu-Natal ✓
Limpopo ✓ (2 x 1) (2)

(b) 463 000 - 342 000 = 121 000 ✓✓

**OF**

121 000 ✓✓ (2)

9.2.2 (a) KwaZulu-Natal ✓✓ (2)

(b) Die Oos-Kaap, het ʼn baie gunstige klimaat gedurende die maande Julie, Augustus en September. ✓✓
Malariavry nasionale parke en private wildreservate het die profiel/gewildheid van die provinsie verhoog. ✓✓

- Die Oos-Kaap het ʼn oorvloed besienswaardighede wat beide natuurlike skoonheid en kultuur kombineer.
- Die Oos-Kaap is die tuiste van verskeie wildreservate en nasionale parke, soos die Addo Olifant Nasionale Park.
- Die streek spog met skilderagtige landskappe, insluitend die Wildekus. Reisigers kan langer bly om buitelugaktiwiteite soos voetslaan, voëlkyk en die kuslyn te verken, te geniet.
- Die Oos-Kaap het ʼn ryk geskiedenis, met kulturele en geskiedkundige terreine soos Nelson Mandela se geboorteplek in Mvezo en die stad Grahamstad.
- Die Oos-Kaap bied geleenthede vir avontuurtoerisme, insluitend watersport, wildritte en adrenalien-gelaaide aktiwiteite.
- Die streek bied ʼn verskeidenheid akkommodasie-opsies, van luukse herberge/lodges tot begrotingsvriendelike verblyf. Goeie gasvryheid en ʼn verskeidenheid verblyfkeuses kan besoekers aanmoedig om hul verblyf te verleng. (2 x 2) (4)

**[22]**

Kopiereg voorbehou 

Hosted by www.ecexams.co.za.

**VRAAG 10**

10.1 SMS-boodskap ✓✓
- Gesprek per SMS op ʼn slimfoon (2)

10.2 Die kletsbot is 24/7 beskikbaar. ✓✓
- ʼn Kletsbot kan veelvuldige kliëntinteraksies gelyktydig hanteer.
- Die kletsbot kan in verskeie tale kommunikeer.
- ʼn Kletsbot kan kliëntedata insamel en ontleed.
- ʼn Kletsbot kan kliënte met agente regstreeks verbind, om te verseker dat alle kliëntbehoeftes voldoende aangespreek word.
- Kletsbotte verskaf outomatiese terugvoer.
- Versamelde terugvoer bied waardevolle insigte in potensiële operasionele ondoeltreffendheid, wat besighede in staat stel om die nodige aanpassings en verbeterings te maak.
- ʼn Kletsbot kan die werkslading op kliëntedienspersoneel verlig, wat hulle in staat stel om op belangriker sake te fokus. (2)

10.3 Spreek die probleem met die hotel se inboektoonbank aan. ✓✓
- Verhoog die aantal personeel by die hotel se inboektoonbank tydens spitstye. ✓✓
- Reël personeelopleidingskursusse om hul vermoë om in die toekoms kwaliteitdiens te lewer, te verbeter.
- Personeelopleiding wat praktiese ervarings behels, sal metodes aanmoedig om probleme/klagtes op te los wat deur kliënte by die hotel ervaar word.
- Motiveer die personeel om hul prestasie te verbeter. (2 x 2) (4)

**[8]**

**TOTAAL AFDELING E: 30**
**GROOTTOTAAL: 200**

Kopiereg voorbehou

Hosted by www.ecexams.co.za.